**24 Augustus**
**Skrifgedeelte: Prediker 7**
**Fokusgedeelte: Prediker 7:13 (OAV)**

## Krom lyne

As ons God se werk aanskou soos ons teks beveel, dan vind ons twee openbaringsmiddele: Skriftuur en natuur (Bybel en skepping). Die Bybel openbaar baie krom lyne. Abel die regverdige se lewe word kortgeknip – hy word deur sy broer Kaïn doodgeslaan . Waarom? Agab het alles, tog laat hy Nabot vermoor om ook sy ou stukkie grond en wingerd in te palm. Waarom? Job, die vrome en godvresende man, word so erg beproef dat hy uiteindelik op die ashoop beland en sy geboortedag vervloek. Dit is enkele krom lyne wat ons in die Bybel raakloop – daar is nog baie meer.

Blaai ons in die boek van die skepping, dan tref die dorings en die distels ons dadelik. Wanneer God die reguit lyn krom gemaak het, dan droog fonteine op, riviere kom tot stilstand, damme word droë holtes met barste en skeure, golwende grasvlaktes word golwende sandduine, terwyl mens en dier versmag en paniekerig raak.

Die Prediker worstel met so baie krom lyne dat hy telkens uitroep: "Dit is alles tevergeefs." Desnieteenstaande sluit hy sy boek soos volg af (Pred 12:13): "Die hoofsaak van alles wat gehoor is, is: vrees God en hou sy gebooie." Kinderlik gelowig en godvresend is sy belydenis.

Uiteindelik staan ons verstom aan die voet van Golgota. Volgens ons oppervlakkige menslike waarneming is dit sekerlik die kromste lyn wat daar ooit op aarde was. Tog, daar aan die kruis het Jesus Christus al die krom lyne reguit gemaak.

Aanskou die werk van God, eer Hom as die Drie-enige God, dank Hom en dien Hom met oorgawe.

*Sing: Psalm 46:4 Ds PA Smit (Emeritus)*